# HOOFSTUK 11

## ONDERSTEUNENDE ORGANISASIES IN DIE VAALDRIEHOEK

### 11.1 INLEIDING

In die vorige hoofstuk is aangetoon hoe die breë publiek die veiligheidsmagte ondersteun het. Hierdie ondersteuning het hoofsaaklik voortgespruit uit die bedreiging teen die land en die feit dat hulle naasbestaandes militêre diens verrig het. Daar is bygedra tot fondsinsamelingsprojekte terwyl verskillende organisasies op 'n landwye basis ander projekte aangepak het.[1]

Die toename in militêre operasies ná 1974 het meegebring dat die kwessie van fondsinsameling vir die veiligheidsmagte in heroorweging geneem is.[2] Die hoof van die vloot, adml. R. A. Edwards, het tydens die Transvaalse vergadering van die *Memorable Order of the Tin Hats* (MOTHS) op 25 September 1977 op Barberton na die bydrae van ondersteunende organisasies verwys.[3] Organisasies wat projekte vir die veiligheidsmagte aangepak het, was die Suiderkruisfonds, Transvaalse Vroue Landbou-unie (TVLU) en die MOTHS. In hierdie hoofstuk gaan daar op die organisasies gefokus word wat die verdedigingspoging deurlopend in die Vaaldriehoek ondersteun het.

### 11.2 DIE SUIDERKRUISFONDS

Die Suiderkruisfonds is in 1966 gestig met die doel om geld in te samel vir die skep van geriewe op die grens, om welsynshulp aan behoeftige soldate te lewer

[1] J. de V. Lötter, "Rasionalisering van militêre welsynsfondse", *Springbok*, Februarie 1974, p. 4.

[2] Ibid.

[3] Anon, "Rear Admiral Edwards opens Transvaal rally", *Home Front*, L(4), November 1977, p. 5.

en om finansiële hulp aan die naasbestaandes van gesneuwelde en verminkte soldate te verskaf.[4] Die rede vir die stigting van die Suiderkruisfonds was die terroriste-oorloë wat reeds sedert die sestigerjare in Angola, Mosambiek en Rhodesië aan die gang was. Die fonds het hom aanvanklik ten doel gestel om te sorg vir die humanitêre behoeftes van die Suid-Afrikaanse, Portugese en Rhodesiese magte wat op die grense van Zambië, Zaire of Tanzanië geveg het.[5] Die Suiderkruisfonds het ook artikels geskenk, soos byvoorbeeld drie veldkombuise aan die Rhodesiese polisie.[6] Kaptein Coetzee het onthou hoedat hulle onder meer hamburgers by een van die kombuise op die Rhodesiese front kon koop.[7]

Die voorsitter van die Suiderkruisfonds, mev. Elizabeth Albrecht, het in Maart 1980 aan die vroue van Dames Aktueel van Vanderbijlpark gesê dat die Suiderkruisfonds op vier beginsels gebou was, naamlik betrokkenheid, die bou van moreel, samehorigheid en daadwerklike optrede. Almal moes saamhelp sodat die Suiderkruisfonds op elke mens kon staatmaak omdat hulle betrokke was by die man aan die grens wat almal se veiligheid probeer verseker het.[8] Van 1978 tot 1982 het die Suiderkruisfonds landwyd R9 000 000 vir die veiligheidsmagte ingesamel. Die betrokkenheid van die publiek deur middel van bydraes het daartoe gelei dat die Suiderkruisfonds as 'n samebindende faktor binne die blanke gemeenskap beskou is.[9] Geld wat deur die Suiderkruisfonds ingesamel is, is aan die Suid-Afrikaanse Weermagfonds oorbetaal. Die geld is

---

[4] Anon, "Suiderkruisfonds help wel", in *Vaalweekblad*, 27.05.1981; Brosjure, Anon, *Die Suiderkruisfonds bring hulde aan ons manne in uniform* (Johannesburg, Die Suiderkruisfonds, 1981).

[5] Anon, "Southern Africa: Welfare – Bush comforts", *To the Point*, 2(24), 1 Desember 1973, p.34D; Sien ook hoofstuk 10, ondersteuning van die oorlog in Rhodesië.

[6] Anon, "Suid-Afrikaanse geskenk vir die BSA-polisie", *Rhodesiese Kommentaar*, 7(12), Desember 1973, p. 1.

[7] Militêre aktiwiteite in die Vaaldriehoek (MAV), Onderhoude gevoer deur skrywer, p. 78. 22022000, Coetzee, E.R., (47) Risiville.

[8] Anon, "Hoë moreel is land se magtigste wapen", in *Vaalweekblad*, 21.03.1980.

[9] Anon, "Lojaliteit van fonds geprys", *Paratus*, 33(10), November 1982, p. 35.

dan vir die daarstelling van geriewe in die verskillende operasionele areas aangewend. Toerusting soos ysmasjiene, koelkaste, bote, snoekertafels en swembaddens is voorsien. Verbruikbare items soos tafeltennisstelle, vlugbalstelle, hengelstokke en speelkaarte is ook voorsien.[10] Aan elke soldaat wat saam met sy eenheid na die operasionele gebied vertrek het, is ook 'n geskenkpakkie gegee. Die pakkie het bestaan uit 'n kunsleersakkie met 'n skryfblok, koeverte, poskaarte, kougom en 'n balpuntpen binne-in.[11] Teen 1981 het die Suiderkruisfonds reeds 300 takke gehad.[12]

Die staatspresident, P. W. Botha, het op 23 Mei 1985 in Johannesburg gesê dat die Suiderkruisfonds 'n besondere rol in die afweer van die internasionale aanslag teen die land gespeel het. Die belangrike rol van die organisasie was dat dit agter die linies aan die tuisfront werksaam was.[13]

### 11.2.1 DIE SUIDERKRUISFONDS IN DIE VAALDRIEHOEK

Die hoofbestuur van die Suiderkruisfonds het in Februarie 1976 in Johannesburg 'n verklaring rakende hulp en bystand aan dié afhanklikes van dienspligtiges uitgereik. Die voorsitter van die Vanderbijlpark-tak, Sakkie Jacobs, het in Februarie 1976 'n beroep op die publiek gedoen om die projek te steun aangesien gebeure op die landsgrense rede tot kommer gegee het.[14]

Die ere-sekretaris van die Suiderkruisfonds in Vereeniging, E. J .J. Knoesen, het in Julie 1977 in die *Vaalweekblad* 'n versoek aan die inwoners van die Vaaldriehoek gerig om op te offer. Hy het geskryf:

> Gedagtig aan die uiters droewige verliese wat Suid-Afrika gedurende die afgelope spannende weke op die landsgrense en in die operasionele

[10] Anon, "Thanks for thinking about us", *Paratus*, 29(9), September 1978, p. 14.

[11] Anon, "Thanks for thinking about us", *Paratus*, 29(9), September 1978, p. 15.

[12] Anon, "Suiderkruisfonds help wel", in *Vaalweekblad*, 27.05.1981.

[13] Anon, "Luisterryke Suiderkruisfondsbanket", *Paratus*, 36(6), Junie 1985, p. 58.

[14] Anon, "Bydraes vir grensmanne se afhanklikes gevra", in *Vaalweekblad*, 08.02.1976.

gebied gely het, is dit nou die aangewese tyd om te besin oor elkeen van ons se betrokkenheid oor hierdie aangeleentheid... Met geloof, toegewydheid en vertroue is ons jongmanne, die room van ons volk, bereid om met hulle kosbare lewens die veiligheid van ons land te beskerm ... Mede-Suiderkruiser, wat is u bereid om vir die genot van veiligheid op te offer? ... Laat ons erns tot paraatheid ons wapen tot selfbehoud wees.[15]

In antwoord op kritiek oor die aanwending van fondse, het die voorsitter van die Suiderkruisfonds in die Vrystaat, T. G. Opperman, in Februarie 1978 op Parys gesê dat fondse gebruik is om geriewe soos sporttoerusting vir vryetydsbesteding, waterverkoelers en tydskrifte op die grens beskikbaar te stel. Vanaf 1977 het die fonds aan elke soldaat wat na die grens op pad was 'n geskenkpakkie voorsien. Daar is gemeen dat Suid-Afrikaanse soldate voortdurend op die grens sou moes wees en dat almal bereid moes wees om hulle deel vir die land te doen.[16] Aan die einde van 1975 is egter berig dat die belangstelling in die Suiderkruisfonds in die Vaaldriehoek so swak was dat selfs oorweeg is om alle verdere aksies te staak.[17] Die tweejaardienspligstelsel en die noodtoestand van 1985 het daartoe gelei dat Vaaldriehoekers weer tot die fonds begin bydra het.[18]

### 11.2.1.1 MEYERTON EN WALKERVILLE

In Oktober 1974 is 'n spesiale perdeskou op die Suid-Transvaalse Skouterein op Walkerville gehou met die doel om 'soveel as moontlik geld' vir die Suiderkruisfonds in te samel. Daar is terselfdertyd ook 'n teeparty op Meyerton

[15] E. J. J. Knoesen, "Brief: Wat offer u op vir die land se veiligheid", in *Vaalweekblad*, 13.07.1976.

[16] Anon, "Suiderkruisman antwoord op kritiek", in *Vaalweekblad*, 18.02.1977.

[17] Anon, "Southern Cross Fund battling in Triangle", in *Vereeniging & Vanderbijlpark News*, 28.11.1975.

[18] Anon, "Noodtoestand help", in *Vaalweekblad*, 03.07.1987.

gehou ten bate van die Suiderkruisfonds.[19] Lede van die Meyerton Kommando wat in Junie 1984 met grensdiens vertrek het, het ook geskenkpakkies ontvang.[20]

### 11.2.1.2 VANDERBIJLPARK

Die Suiderkruisfonds op Vanderbijlpark het onder die patronaatskap van die dorp se burgemeester gefunksioneer. Die tak is goed ondersteun deur instansies op die dorp, soos byvoorbeeld die stadsraad, die Suid-Afrikaanse Yster en Staal Industriële Korporasie (ISCOR), die Dorman Long en Vanderbijl Ingenieurskorporasie (DORBYL) en verskillende kerkgenootskappe. Daar het ook 'n stelsel bestaan waarvolgens bydraes van ISCOR-werknemers per aftrekorder aan die fonds betaal is. Die fonds is verder versterk deur die verkoop van artikels van die Suiderkruisfonds, blommeverkope op moedersdae en jaarlikse geselligehede soos dansgeleenthede. Ander taal- en kultuurgroepe op die dorp het ook tot die fonds bygedra.[21]

Die burgemeester van Vanderbijlpark het met die aanvaarding van sy ampstermyn in Maart 1977 'n beroep op die inwoners van die dorp gedoen om 'n ruim bydrae tot die Suiderkruisfonds te doen:

> ter wille van hulle wat met persoon en lewe op die grense van ons vaderland diens doen.[22]

Lede van die Vanderbijlpark Kommando was so beïndruk met die geskenkpakkies wat hulle tydens hulle grensdiens van die Suiderkruisfonds ontvang het, dat hulle met hulle terugkeer in Maart 1978 'n bydrae tot dié fonds gemaak het.[23] Die fonds het vroeg in 1978 'n mobiele kombuiseenheid aan die

---

[19] Anon, "Jumping for Fund this weekend", in *Vereeniging & Vanderbijlpark News*, 08.11.1974.

[20] Anon, "Parcels for boys on the border", in *Vaalweekblad*, 22.06.1984.

[21] P. J. J. Prinsloo, *Die geskiedenis van Vanderbijlpark* (Vanderbijlpark, PU vir CHO., 1994), p. 377; Vgl. MAV, p. 169. 29062000, Hoffman, D. C. J., (77) Vanderbijlpark.

[22] Anon, "Sal aandag wy aan beskerming, kuns", in *Vaalweekblad*, 18.03.1977.

[23] Anon, "Foto: Lede van die Vanderbijlpark Kommando was so beïndruk...", in *Vaalweekblad*, 17.03.1978; Vgl ook MAV, p. 181. 04072000, Visser, L., (42) Vanderbijlpark.

weermag en polisie geskenk. Die sleutels van die eenheid is deur kol. J. G. Bender en lt. genl. F. Engels in ontvangs geneem.[24]

In dié tyd het genl. Magnus Malan 'n beroep op die fonds gedoen om 'n spesiale poging aan te wend om voor 30 Junie 1979 fondse in te samel. Die onmiddellike reaksie van Vanderbijlpark was om deur middel van insamelingskoeverte elke huis in die dorp vir donasies te betrek.[25]

### 11.2.1.3 VEREENIGING

Die Suiderkruisfonds in Vereeniging het in 1975 byna doodgeloop. Dit was onder die voorsitterskap van Danie Hoffman dat die Suiderkruisfonds op Vereeniging weer op dreef begin kom het. Toe die Junior Afrikaanse Sakekamer hoor van die gebrek aan belangstelling, is R80 in April 1976 geskenk.[26] Werknemers van die Broderick Ingenieurswerke het een dag 'n uur lank ekstra gewerk en sodoende is R667.24 aan die Suiderkruisfonds geskenk.[27] 'n Weduwee van Roodstuine, mev. M.C. Barnard, het nadat sy die rolprent *Kaptein Caprivi* gesien het, haar opgespaarde kleingeld geskenk.[28] Tussen 1975 en 1976 het verskillende gemeenskappe bydraes aan die Suiderkruisfonds gemaak. Die Hebreeuse Orde van Dawid het R260 geskenk, die Griekse gemeenskap R500, terwyl die Hollandse klub R750 geskenk het.[29]

Teen 1978 het die Vereeniging-tak van die Suiderkruisfonds reeds R16 000 aan die weermag oorgedra met 'n verdere R6 000 wat nog oorbetaal moes word.[30]

---

[24] Anon, "Suiderkruisfonds skenk mobiele kombuis", in *Vaalweekblad*, 16.02.1978; Vgl. ook Anon, "Suiderkruisfonds: komitee werk hard", in *Vaalweekblad*, 02.03.1979.

[25] Anon, "Spesiale insameling vir grensmanne", in *Vaalweekblad*, 16.03.1979.

[26] Anon, "Fonds bloei na droë maande", in *Vaalweekblad*, 16.04.1976.

[27] Anon, "Foto: Die tjek wat mnr. F.A. Broderick...", in *Vaalweekblad*, 21.05.1976; MAV, p. 169. 29062000, Hoffman, D.C.J., (77) Vanderbijlpark.

[28] Anon, "Foto: Mev. M.C. Barnard, 'n bejaarde weduwee van Roodstuine", in *Vaalweekblad*, 07.05.1976.

[29] D. Hoffman, knipselversameling, knipsels s.j.

[30] Anon, "Suiderkruisfonds skenk mobiele kombuis", in *Vaalweekblad*, 16.02.1978.

Tussen Februarie en April 1978 is donasies ten bedrae van R1 328 deur bekende kerkgenootskappe en ondernemings in die Vaaldriehoek aan die Suiderkruisfonds gemaak. [31] Die Vereeniging-hospitaal, die Vanderbijl Ingenieurskorporasie (VECOR) en Massey-Ferguson het R5 297, 90 aan die Suiderkruisfonds oorbetaal.[32] Die Vereeniging Kommando het in November 1978 die takkomitee van die Suiderkruisfonds in Vereeniging onthaal waartydens 'n sertifikaat namens die Suid-Afrikaanse Weermagfonds aan Danie Hoffman oorhandig is.[33]

In sy voorsittersrede in Februarie 1979, het Danie Hoffman die *Vaalweekblad* met 'n woord van spesiale dank uitgesonder. Hy was van mening dat die fonds nog meer as ooit tevore die dringende behoeftes van die grensmanne en die polisie moes bevredig.[34] Hoffman het vertel dat sy betrokkenheid by die Suiderkruisfonds vir hom 'n uitdaging was en dat dit 'n poging was om te help om die grens te verdedig.[35]

Tydens die algemene jaarvergadering van die Vereeniging-tak in Julie 1981 het die distrikskommandant van die polisie in Vereeniging, kol. Piet Fourie, gesê dat die werksaamhede van die fonds 'n sprekende bewys was van die betrokkenheid van die hele bevolking by die beveiliging van die land. Die verkope van die Suiderkruisfonds-dagboek is aangemoedig en daar is gemeen dat elke bydrae die fonds bevorder het en dat dit deel was van die poging om orde, bewaring en die veiligheid van die land se inwoners te verseker.[36] Die Vereeniging tak het in Augustus 1982 'n dans in die Olympions-saal op

[31] Anon, "Donasies vir fonds", in *Vaalweekblad*, 30.04.1978.

[32] Anon, "Suiderkruisfonds: komitee werk baie hard", in *Vaalweekblad*, 02.03.1979.

[33] Anon, "Vereeniging dink aan manne op grens", in *Vaalweekblad*, 22.11.1978; Anon, "Vereeniging Southern Cross Fund praised", in *Vereeniging & Vanderbijlpark News*, 22.11.1978; MAV, p. 169. 29062000, Hoffman, D.C.J., (77) Vanderbijlpark.

[34] Anon, "Suiderkruisfonds: komitee werk baie hard", in *Vaalweekblad*, 02.03.1979.

[35] MAV, p. 169. 29062000, Hoffman, D.C.J., (77) Vanderbijlpark.

[36] Anon, "Suiderkruisfonds bewys betrokkenheid", in *Vaalweekblad*, 03.07.1981.

Vanderbijlpark gehou, waartydens Mej. Persoonlikheid gekroon is. Alle fondse wat by dié geleentheid ingesamel is, het vir die grenssoldate gegaan.[37] Tydens 'n gedenkdiens vir gesneuweldes in November 1985 in Vereeniging, het die burgemeester van die stad, Francois van Staden, aan die Suiderkruisfonds hulde gebring. Hy het gemeen dat die fonds onbaatsugtige werk verrig met betrekking tot die moreel van soldate op die grens. Die Suiderkruisfonds moes as 'n sigbare mosie van vertroue in die weermag, die polisie en die spoorwegpolisie gesien word.[38]

Die 250 takke van die Suiderkruisfonds het landwyd gesamentlik teen die einde van November 1978 reeds R5 000 000 ingesamel. As blyk van dank het die hoof van die weermag, genl. Magnus Malan, gelas dat plaaslike kommando's van oor die hele land die besture van takke van die Suiderkruisfonds in hulle omgewing moes onthaal. Die plaaslike reaksie was dat SASOL sowel as die Sasolburg Kommando in November 1978 die Sasolburg-tak van die fonds in die D. P. de Villiers-stadion onthaal het.[39]

**11.2.2 DIE BETEKENIS VAN DIE SUIDERKRUISFONDS**

Oudlede van die veiligheidsmagte het selfs jare later nog met waardering van die Suiderkruisfonds gepraat. J. G. C. Tredoux van Drie Riviere, 'n polisieman wat destyds op die Rhodesiese grens met Zambië as 'n bootsman van die Suid-Afrikaanse Polisie diens gedoen het, het nog onthou hoedat sporttoerusting en vars vrugte vir hulle gestuur is.[40] Ander polisiemanne onthou ook hoedat die Suiderkruisfonds aan hulle, voor hulle vertrek na Rhodesië, klein geskenkies oorhandig het. Tydens Kersfees het soldate en polisiemanne geskenkpakkies, die "dankie-tannie-pakkies", van die Suiderkruisfonds ontvang.[41] Uittreksels van

[37] Anon, "Suiderkruisdans vir grensmanne", in *Vaalweekblad*, 27.08.1982.

[38] Anon, "Gedenkdiens vir gesneuweldes", in *Vaalweekblad*, 22.11.1985.

[39] Anon, "Weermag sê dankie aan Suiderkruis fonds se takke", in *Vaalweekblad*, 17.11.1978.

[40] MAV, p. 58. 20.01.2000, Tredoux, J.G.C., (66) Drie Riviere.

[41] MAV, p. 78. 22022000, Coetzee, E.R., (47) Risiville.



Illus. 87: Ben Zeeman, voorsitter van die Vereeniging tak van die Suiderkruisfonds, oorhandig geskenkpakkies aan soldate wat na die grens vertrek het in Januarie 1984.

Bron: Anon, "Onlangs het 'n groep dienspligtiges vanuit Vereeniging na die grens vertrek", in *Vaalweekblad*, 20.01.1984.



Illus. 88: Afgevaardigdes van verskillende takke van die Vroue Landbou-unie het in November 1988 die Vereeniging Kommando besoek.

Bron: Anon, "Foto:Behoorlik gepantser met staaldak en al...", in*Vaalweekblad*, 11.11.1988.

soldate se briewe van dank is deur die Vereeniging-tak van die Suiderkruisfonds aan die *Vaalweekblad* beskikbaar gestel.[42]

Veranderde politieke omstandighede en swakker ekonomiese tye het daartoe bygedra dat die bedrae wat jaarliks aan die fonds oorbetaal is, verminder het. Die onttrekking van die weermag uit Namibië het ook daartoe bygedra dat die oorspronklike doel van die Suiderkruisfonds volvoer is.[43] Die stigter van die fonds, mev. Elizabeth Albrecht, het reeds in Maart 1989 as president van die Suiderkruisfonds uitgetree omdat soos sy dit gestel het, "namate die manne in uniform huis toe kom", sy haar energie elders moes gaan inspan. Sy is in Maart 1989 deur kol. Pieter van der Walt, direkteur van militêre sake by die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys (PU vir CHO), opgevolg.[44]

## 11.3 DIE TRANSVAALSE VROUE LANDBOU-UNIE (TVLU)

Die TVLU is reeds na die eerste terroriste-aanvalle in buurstate in die sestigerjare vir bydraes genader. Ná die totstandkoming van die Suiderkruisfonds het die TVLU steeds voortgegaan met projekte ten bate van die veiligheidsmagte.[45] In die tweede helfte van Junie 1974 is R16 000 aan die Suiderkruisfonds oorbetaal. In daardie stadium was Suid-Afrika nog nie in 'n militêre konflik betrokke nie, en is daar nog gewik en geweeg wat om met die geld te maak.[46] Fondse wat ingesamel is, is aan die TVLU-hoofkantoor in Pretoria oorbetaal. Die Suid-Transvaalse streek het ywerig tot verskillende weermaggerigte projekte bygedra. Alhoewel die streek ook takke in die suidelike

[42] Anon, "Soldate sê baie baie dankie", in *Vaalweekblad*, 19.06.1981; Vgl ook MAV, p. 78. Ferreira, D., (33) Drie Riviere.

[43] P.J.J. Prinsloo, *Die geskiedenis van Vanderbijlpark*, p. 183.

[44] Anon, "Mense: Mev. Albrecht tree uit", *Citizen*, 07.03.1989, in *SA Oorsig*, 24 Maart 1989.

[45] I. van der Walt e.a., *Gedenkalbum: Die Transvaalse Vroue-Landbou-Unie* (Koöperasie Pers van SA Bpk, 1975), p. 66.

[46] Anon, "Hoofbestuursverslag: Suiderkruisfonds", *TVLU-nuus*, 13(7), Julie 1974, p. 4.

dele van die Witwatersrand ingesluit het, het die Vaaldriehoek 'n belangrike plek in die streek ingeneem.[47] Die TVLU het dit as 'n voorreg beskou om deur middel van grensprojekte dank aan elke jongman te betuig wat vir die veiligheid van die land opofferings bring.[48] Daar is gemeen dat nasionale diensplig opoffering verg en dat dit positief benader moes word.[49] Motivering is as 'n besondere deel van die soldaat se wapenrusting gesien.[50] Aktuele sake soos onder meer burgerlike beskerming is tydens vergaderings behandel.[51] Van die lede van die TVLU het ook seuns gehad wat met militêre diens besig was. Die seun van mev. Magda Steyn, Johan de Waal, het byvoorbeeld 'n gedig aan sy moeder geskryf, 'A prayer for a mother'. Die gedig is in die *TVLU-nuus* van September 1986 gepubliseer.[52]

**Prayer for a mother**

Thank you Lord, for not having given me a
Choice,
for I could not have chosen better
Thank you for building my being in a cacoon of
Love,
even before I knew
Thank you for the gentleness and love that she
gave,
long before I could give
Thank you for making her my shelter against
life's storms,

---

[47] MAV, p. 49. 13012000, Enslin, R., (55) Arconpark.

[48] Anon, "Dit is saliger om te gee...", *TVLU- nuus*, 22(2), Feb./Mrt. 1983, p. 1.

[49] R. Slabber, "Openbare sake: Diens aan ons Weermanne", *TVLU-nuus*, 24(8), Aug./Sept. 1985, p. 20.

[50] R. Slabber, "Openbare sake: Die vrou en die dienspligstelsel", *TVLU-nuus*, 24(8), Aug./Sept. 1985, p. 20.

[51] W. C. Gouws, *Meyerton na honderd jaar: Feesblad van die stadsraad van Meyerton 1891/92 – 1991/92* (Meyerton, Meyerton stadsraad, 1992), p. 62.

[52] M. de Waal, "Food for thought: A prayer for a mother", *TVLU-Nuus*, 25(9), September 1986, p. 4; MAV, p. 201. 21112000, Steyn, M., (66), Drie Riviere.

A natural place of hiding for my immature person
Thank you Lord for my Mother

I beg you Lord to hold her
Keep her in Your protective embrace
Be her shelter, like she was mine
And guide, to guide me even better
Lord please give her the love,
that I so often forget to give
the gentleness which I so often lack
Please remove the boulders
that my conduct, unthought of, put in her way
The same way that she removed them from
mine

Lord I cannot ask you for more
But I cannot thank you enough
what more can I want
than the mother I love!

Na 'n vaandelparade van die Suid-Afrikaanse Geneeskundige Diens (SAGD) by 1 Militêre hospitaal in Oktober 1987, het die minister van verdediging, genl. Magnus Malan, gedenkplate van donateurs vir die rehabilitasie van pasiënte onthul. Een van die plate is aan die TVLU opgedra.[53]

### 11.3.1 FONDSINSAMELINGSPOGINGS VIR DIE VEILIGHEIDSMAGTE

Die TVLU het gereeld van sy bydraes tot die Suiderkruisfonds melding gemaak.[54] Duisende rande is vir die soldate op die grens ingesamel.[55] In April 1982 is berig dat die TVLU se bydrae tot die weermag nie genoeg beklemtoon kon word nie. 'n Bedrag van R24 000 is per geleentheid aan die Suid-Afrikaanse Weermag

[53] R. Kritzinger, "Gedenkplaat onthul", *TVLU-nuus*, 26(10), Oktober 1987, p. 1.

[54] Anon, "Verslag van die geldsake-komitee", *TVLU-nuus*, 14(7), Julie 1975, p. 3.

[55] Anon, "Hoofbestuursverslag: Donasies en skenkings", *TVLU-nuus*, 16(7), Julie 1977, p. 3.

(SAW) oorhandig nadat elke tak in Transvaal eie inisiatief aan die dag gelê het met die insameling.[56]

Die Suid-Transvaalse tak het heel fluks vir projekte ten bate van die weermag bygedra.[57] Fondse wat vir weermagprojekte ingesamel is, is aangewend om yskaste, lugreëlaars, trampolienmatte en krieketnette aan militêre basisse te skenk.[58] Kontantbedrae is ook aan militêre basisse geskenk.[59] Die TVLU het jaarliks 'n besending koejawelrolle na die grens gestuur.[60] Dakwaaiers en kouewatermasjiene is ook aan militêre eenhede geskenk.[61] Die TVLU het ander pogings ondersteun om soldate te ondersteun. Lede van dié organisasie het ook die Ry-veilig- en Belleryna-projekte ondersteun.[62]

As gevolg van die einde van die Suid-Afrikaanse militêre betrokkenheid in Namibië, het die TVLU in 1990 besluit om die geld wat vir die Weermagfonds ingesamel is onder die vyf kommandemente in Transvaal te verdeel.[63] Die geld van die Weermagfonds is in 1991 aan verskillende Transvaalse militêre eenhede oorbetaal.[64] Na 'n behoeftebepaling deur die TVLU is vasgestel dat die klem meer na die polisie begin verskuif het. Om hierdie rede is die geld van die TVLU-

---

56 Anon, "Die TVLU: Onbaatsugtige hulp aan ons soldate", *Paratus*, 33(4), April 1982, p. 89.

57 Anon, "TVLU-projekte: So het u bygedra...", *TVLU-nuus*, 20(11), November 1981, p. 11.

58 Anon, "Dit is saliger om te gee ...", *TVLU-nuus*, 22(2), Feb./Mrt. 1983, p. 1.

59 Anon, "Hoofbestuursverslag: Projects", *TVLU-nuus*, 22(8), Aug./Sept. 1983, p. 7; Anon, "Grensfonds 1984: SAW Hondesentrum, Burke's Luck", *TVLU-nuus*, 23(7), Jul./Aug. 1984, p. 1.

60 Anon, "1983: For our men on the border: So sê ons vrouens dankie!", *TVLU-nuus*, 22(11), Nov./Des. 1983, p. 11; Anon, "Vir ons manne op die grens", *TVLU-nuus*, 27(4), April 1988, p. 6.

61 Anon, "Troepies sê dankie", *TVLU-nuus*, 23(10), Okt./Nov. 1984, p. 1; MAV, p. 201. 21112000, Steyn, M., (66), Drie Riviere.

62 R. Slabber, "Openbare sake: Diens aan Weermagmanne", *TVLU-nuus*, 24(8), Aug./Sept. 1985, p. 20.

63 A. Agenbach, "Finansiële verslag 1989.02.01—1990.01.31", *TVLU- nuus*, 29(7), Augustus 1990, p. 3.

64 A. Agenbach, "Finansiële verslag 1990.02.01—1991.01.31", *TVLU-nuus*, 30(7), Julie 1991, p. 13.

weermagfonds in 1992 aan die polisie toegesê. Die bedrag is deur die TVLU aangewend om fietse vir die polisie te koop.[65] In 1993 is besluit dat die TVLU-weermagfonds as die Welwillendheidsfonds bekend sou staan, sodat 'n skenking gemaak sou kon word aan enige instansie wat fondse benodig het.[66]

### 11.3.2 ONDERSTEUNING VAN DIE VEILIGHEIDSMAGTE IN DIE VAALDRIEHOEK

Die TVLU het ook lede van die veiligheidsmagte ondersteun wat plaaslik ontplooi was. Vroue het vrywillig voedsel vir lede van die veiligheidsmagte voorberei wat in die *townships* diens moes doen of op belangrike plekke in die Vaaldriehoek moes wagstaan. Gedurende die onluste van 1984 en 1985 is tydelike kombuise by Emfuleni-park en op die skouterrein by Vereeniging ingerig.[67] Daar het 400 polisiemanne by die skouterrein in Vereeniging tuisgegaan.[68] Soms het die vroue voedsel by hulle huise voorberei waar dit dan deur die weermag afgehaal is. [69] Die weermag in die Vaaldriehoek het mondelings sy waardering oorgedra, terwyl die polisie die vroue vir hulle ondersteuning tydens die onluste bedank het met 'n teeparty waartydens Bybeltjies aan die vroue oorhandig is.[70]

Lede van die TVLU het by geleentheid grensbesoeke afgelê. Op 4, 5 en 6 Maart 1980 het 21 hoofbestuurslede van die TVLU die Namibiese grens besoek.[71] Dié besoek is deur mev. Ristie Viljoen, eggenote van genl. Constand Viljoen,

---

[65] Anon, "SAP op hul ysterperdjie", *TVLU-nuus*, 31(5), Julie/Augustus 1992, p. 6; MAV, p. 50. 13012000, Enslin, R., (55) Arconpark; MAV, p. 202. 21112000, Steyn, M., (66), Drie Riviere.

[66] A. Agenbach, "Finansiële verslag 1992.01.31—1993.02.01", *TVLU-nuus*, 32(3), Mei/Junie 1993, p. 13.

[67] MAV, p. 80. 22022000, Coetzee, E.R , (47) Risiville; Vgl. ook MAV, p. 49. 13012000, Enslin, R., (55) Arconpark.

[68] T. Heath, " 'n Verenigde front op Vereeniging", *Servamus*, November 1984,

[69] MAV, p. 49. 13012000, Enslin, R., (55) Arconpark.

[70] MAV, p. 49. 13012000, Enslin, R., (55) Arconpark; R. Slabber, "Openbare sake: Burgerlike beskerming", *TVLU-nuus*, 24(8), Aug./Sept. 1985, p. 20.

[71] A. Theron, "Verslag van die hoofbestuur se toer na die grens op 4,5 en 6 Maart 1980", *TVLU-nuus*, 19(4), April/Mei 1980, p. 1.

geïnisieer. Mevrou Magda Steyn van Vereeniging was een van die vroue op die besoek.[72] Vroeg in 1981 het 10 hoofbestuurslede na die grens vertrek om roomysmasjiene te oorhandig.[73] In September 1982 het 'n aantal hoofbestuurslede weer die grens besoek.[74] Vier hoofbestuurslede, onder wie mev. Rita Enslin van Vereeniging, het aan die einde van 1991 die Wes-Kaap as gaste van die weermag besoek. Die Vroueleërkollege, Infanterieskool, Simonstad, Lugmagbasis Ysterplaat en Langebaan is besoek.[75] Militêre basisse in die Vaaldriehoek is ook besoek. Lede van die plaaslike TVLU-takke het byvoorbeeld gordyne vir alle kwartiere in Groep 17 gemaak. Hulle het ook in 'n stadium breekgoed vir Groep 17 bymekaargemaak.[76]

## 11.4 VETERANE-ORGANISASIES

Die veterane-organisasies in Vaaldriehoek se oorsprong kon na die Eerste Wêreldoorlog teruggevoer word. Organisasies soos die Toc H wat sy oorsprong in die Eerste Wêreldoorlog (1914-1918) gehad het, was in die grensera reeds 'n suiwer liefdadigheidsorganisasie met geen verbintenis met die weermag nie.[77] Die organisasie het ook nie met ander veterane-organisasies in die Vaaldriehoek geskakel nie.[78] Ander veterane-organisasies het die grensoorloggenerasie heelhartig ondersteun.

---

[72] MAV, p. 202. 21112000. Steyn, M., (66) Drie Riviere.

[73] A. Jacobsz, "Roomysmasjiene word oorhandig", *TVLU-nuus*, 20(2), Feb./Mrt. 1981, p. 1.

[74] Anon, "Ons bring besoek aan die operasionele gebied", *TVLU-nuus*, 21(9), Sept./Okt. 1982, p. 1.

[75] R. Enslin, " 'n Wes-Kaapse besoek: SA Weermagbasisse en –eenhede onder die loep", *TVLU-nuus*, Januarie 1992, 31(1), p.8; R. Enslin, " 'n Wes-Kaapse besoek (deel 2): SA Weermagbasisse en –eenhede onder die loep", *TVLU-nuus*, Januarie 1992, 31(2), p. 11.

[76] MAV, p. 49. 13012000, Enslin, R., (55) Arconpark.

[77] Anon, "Low profile charity gets quietly on with the job", in *Vaal Ster*, 12-16.11.1990; Vgl. ook Anon, "Toc H is a way of life", in *Vereeniging & Vanderbijlpark News*, 22.02.1974.

[78] Vgl. MAV, p. 133. 10052000, Nobile, B., (75) Drie Riviere.

### 11.4.1 *THE MEMORABLE ORDER OF THE TIN HATS* (MOTHS)

Die MOTHS is reeds in 1927 gestig om die gees tussen soldate wat in die Eerste Wêreldoorlog gedien het, in stand te hou. Die MOTHS het tot aan die begin van die Suid-Afrikaanse betrokkenheid in 1975 in Angola suiwer liefdadigheidswerk verrig.[79] Die MOTHS het as 'n oorbruggingsorganisasie by die mobilisasiepoging ingepas.[80]

Ná die begin van die Angolese veldtog was lidmaatskap nie net meer beperk tot diegene wat in die twee wêreldoorloë diens gedoen het nie, maar kon die jonger geslag soldate wat grensdiens verrig het, ook lede word. Generaal Magnus Malan was byvoorbeeld ook 'n lid van die MOTHS.[81] Daar was landswyd bymekaarkomplekke, wat as 'shellholes' bekend gestaan het. Die bymekaarkomplekke van die MOTHS in die Vaaldriehoek was die Bukshee op Vanderbijlpark, Tripoli in De Deur, Sandy op Sasolburg en die Barrage Shellhole op Parys.[82] Die enigste MOTHS-saal in die Vaaldriehoek was in Vereeniging.

Die doel van die MOTHS was om na teruggekeerde soldate om te sien, huisvesting aan verarmde oudsoldate te gee en ontspanningsgeleenthede vir soldate te skep.[83] Dié organisasie het die MOTHS-fonds vir gehospitaliseerde soldate gehad, waardeur geld vir gehospitaliseerde oudsoldate ingesamel is.[84] Daar is ook fasiliteite geskep waar die gesinne van swaar gewonde soldate by 1 Militêre hospitaal kon tuisgaan. Die betrokke fonds is gedurende 1976 as gevolg

---

[79] Vgl. Anon, "Moth seaside holiday for children has been abolished", in *Vereeniging & Vanderbijlpark News*, 15.03.1974; Anon, "MOTHS mark an achievement", in *Vereeniging & Vanderbijlpark News*, 14.11.1975.

[80] Anon, "Rear admiral Edwards opens Transvaal rally", *Home front*, L(4), November 1977, p. 5.

[81] MAV, p. 134. 10052000, Nobile, B., (75) Drie Riviere.

[82] Anon, "Reports from the homefront", *Home front*, L(4), November 1977, p. 27; Anon, "From the Moth front", *Home front*, LV1(1), Augustus 1983, p. 27.

[83] W. de Bruyn, "Moths dien steeds 'n doel", in *Vaal Ster*, 26.10.1984.

[84] MAV, p. 134. 10052000, Nobile, B., (75) Drie Riviere.

van Operasie Savannah in die lewe geroep.[85] Die fonds het egter ook na die belange van Rhodesiese soldate omgesien deurdat geskenkpakkies aan Suid-Afrikaanse en Rhodesiese soldate verskaf is en verder dat mediese geriewe ook aan Rhodesiese veiligheidsmagte geskenk is.[86] Na die beëindiging van die Suid-Afrikaanse militêre konflik in 1989 in Suidwes-Afrika, het die MOTHS steeds met die weermag saamgewerk.[87]

Die MOTHS het vanaf die sestigerjare begin om geld in te samel ten einde op verskillende plekke laekoste-akkommodasie aan oudsoldate of hulle weduwees beskikbaar te stel. Teen 1991 was daar reeds 160 kothuise en 80 woonstelle oor die hele Transvaal beskikbaar, waarvan heelwat in die Vaaldriehoek opgerig is.[88] Die MOTHS het ook geld vir liefdadigheid ingesamel.[89] Die MOTHS van Vereeniging het byvoorbeeld die winste van 'n rolbaltoernooi wat hulle in Augustus 1983 aangebied het, aan liefdadigheidsorganisasies oorbetaal.[90]

Teen die begin van die negentigerjare het die generasie grenssoldate al meer die geledere van die MOTHS begin vul. In daardie stadium was reeds meer as 80 persent van die lede van die Tripoli Shellhole jonger manne wat nie in die Tweede Wêreldoorlog was nie. Die syfer vir die Bukshee Shellhole was 35 persent.[91] Die MOTHS het na 1994 in die Vaaldriehoek bly voortbestaan. Die

---

85 Anon, "Double celebration as Vereeniging Moths turn 50", in *Vaal Ster*, 31.10 – 04.11.1988; L. D. Mattheus, "What does it mean to be a Moth?", *Home Front*, LV1(1), Augustus 1983, p. 6; Anon, "Moth-fonds vir gehospitaliseerde troepe", *Paratus*, 40(2), Februarie, 1989, p. 29.

86 Anon, "How the MOTHS helped the Rhodesians in their hour of need", *Paratus*, 31(3), Maart 1980, p. 52.

87 Anon, "Moth-bedrywighede gaan voort", in *Vaal Ster*, 08-20.04.1991.

88 Anon, "MOTH cottages provide low cost accommodation", in *Vaal Ster*, 29.07-02.08.1991.

89 Anon, "Reports from the Moth front", *Home front*, L(5), Desember 1977, p. 28.

90 Anon, "Reports from the Moth front", *Home front*, LV1(1), Augustus 1983, p. 23.

91 Anon, "MOTH order also cater for young soldiers", in *Vaal Ster*, 29.07-02.08.1991.

doel van die MOTHS was veral op die versorging van pensioentrekkers en liefdadigheid toegespits.[92]

## 11.4.2 *VEREENIGING RETURNED SOLDIERS ASSOCIATION* (VRSA) EN DIE SAPPEURSVERENIGING

Die VRSA het in 1944 ontstaan met die gedagte om na die welsyn van teruggekeerde soldate na afloop van die Tweede Wêreldoorlog(1939-1945) om te sien. Van die projekte wat in samewerking met ander veterane-organisasies aangepak is, was die oprigting van die Springbok drankwinkel en van die Springbok woonstelle in Duncanville.[93] Die VRSA is in 1988 ontbind omdat gevoel is dat hy sy doel gedien het. Die organisasie se werksaamhede het grootliks gewentel rondom aangeleenthede wat met die Tweede Wêreldoorlog verband gehou het. Met die ontbinding van die VRSA is sy kontantbates van R500 000 aan die Sappeursvereniging oorhandig. Die stap is gedoen omdat gevoel is dat dié vereniging se lede ook by operasies in Angola betrokke was en dat die vereniging die aktiefste en die sterkste was in die voorsiening van fasiliteite aan sy lede.[94]

Die Sappeursvereniging het 'n tak in Vereeniging gehad en het uit veterane van die Tweede Wêreldoorlog bestaan.[95] Die aanvanklike doel van dié organisasie was om sappeurs te help om hulle voete ná die Tweede Wêreldoorlog te vind.[96] Die Sappeursvereniging het vir oudgediendes gesorg en dienspligtiges het morele en finansiële ondersteuning van hulle ontvang.[97]

---

[92] Anon, "Have you been to war and back", in *Ster*, 1-5.05.2000, p. 3; MAV, p. 135. 10052000, Nobile, B., (75) Drie Riviere.

[93] Anon, "Birth of the VRSA", in *Vereeniging & Vanderbijlpark News*, 15.12.1982; MAV, p. 133. 10052000, Nobile, B., (75) Drie Riviere.

[94] Anon, "Soldiers go out with a R500 000 bang", in *Vaal Ster*, 03-07.10.1988.

[95] Anon, "Branch notes: Vaal Triangle", *SA Sapper*, 44(2), Junie 1992, pp. 12, 14; Anon, "Sappers celebrate 40 years", in *Vaal Ster*, 4-8.12.1989.

[96] Anon, "Sappers celebrate 40 years", in *Vaal Ster*, 4-8.12.1989.

[97] Anon, "Oudgediende organisasie – 3: Sappeurs vergeet makkers nimmer", *Paratus*, 29(11), November 1978, p. 17.

### 11.4.3 DIE SUID-AFRIKAANSE LEGIOEN

Die Suid-Afrikaanse Legioen is in 1921 gestig om soldate uit die Eerste Wêreldoorlog by te staan en om te sorg vir voldoende fondse vir oorlogspensioene. Militêre pensioene is op 'n nasionale basis hanteer. Soldate uit die grensoorlog-era kon ook lid van die Legioen word.[98] Die tak op Vereeniging het in Maart 1983 gesluit.[99] Lede van die Suid-Afrikaanse Legioen het egter nog steeds funksies soos die herdenkingsdag van die Slag van Delvillebos in Vereeniging bygewoon.[100]

## 11.5 SAMEVATTING

Verskillende organisasies het in die Vaaldriehoek fondse ingesamel en projekte vir soldate aangepak. Die Suiderkruisfonds is spesifiek gestig met die doel om grenssoldate te ondersteun. Die eskalasie van die grensoorlog sedert 1975 en die afkondiging van die noodtoestand in 1985 het daartoe gelei dat die publiek meer tot dié fonds bygedra het. Die TVLU het as gevolg van die behoefte aan geriewe op 'n permanente basis vir grenssoldate geld ingesamel en geriewe gelewer. Lede van die verskillende TVLU-takke in die Vaaldriehoek het hard gewerk ten einde geriewe vir soldate beskikbaar te stel. Veterane-organisasies soos die MOTHS het ook projekte aangepak om die lot van grenssoldate te verlig. Beide die TVLU en die MOTHS het met die Suiderkruisfonds geskakel. Die beëindiging van die Suid-Afrikaanse militêre betrokkenheid in 1989 in Namibië het meegebring dat die redes vir ondersteuning deur die verskillende organisasies verval het.

---

98 D. Shuttleworth, "The South African Legion: What it means", *Armed Forces*, November 1989, p. 35.

99 Anon, "Vereeniging branch of SA Legion closes", in *Vereeniging en Meyerton Ster*, 01.04.1983.

100 Anon, "Delville Battle memorialized by SA Legion", in *Vaal Ster*, 20-24.07.1992.